




# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

November 2008  
Jaargang 101 Nummer 8

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Die toekoms van die planeet aarde (Prof Johan Buitendag)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysers:** Etiek van rentmeesterskap
- BI 3 **Die mens as rentmeester**  
'n Streng vermaning (Dr Christo Pretorius)  
Verklein jou koolstofspoor
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**  
Die aarde behoort aan die Here (Ds Etienne Fourie)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**  
Predikantevergadering 2008 (Ds Johan Bester)  
Predikant se dogter presteer
- BI 7 **Gespreksforum**  
Raad vir Pastoraat en Presbiteraat (Dr Koos Engelbrecht)  
Taal en kommunikasie (Tessa Oppermann)
- Agterblad **Oordenking**  
Godslof omspan mens en natuur (Dr Christo Pretorius)



## Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig onder meer soos volg:

Die woorde van Psalm 115: 16 wat op ons voorblad afgedruk is, laat 'n mens klein word voor die verantwoordelikheid wat daarin opgesluit is:

*Die hemel is net vir die Here,  
maar die aarde  
het Hy aan die mense gegee.*

Soos in die een skeppingsverhaal het die mens die opdrag gekry om die aarde te bewoon en te bewerk en om te heers oor die visse en die voëls en al die diere van die aarde. In ons tyd het dit 'n baie ernstige vraag geword wat die mens met hierdie opdrag en voorreg gemaak het.

Om God as Skepper te bely en daarmee saam die besondere rol wat aan die mens as God se verteenwoordiger gegee is, het diepgrypende etiese implikasies. Met die skepping waarvoor God gesê het *dit is goed*, moet ons kon verwag en eis dat die mens ook daarmee op so 'n manier sou omgaan dat gesê kan word: *Dit is goed!* Waarom? Omdat God, wat die Skepper is, ook die Eienaar is. Die aarde en alles daarop behoort aan God. Die beskeie wete wat alles behoort te deursuur, is dat die mens as tydelike rentmeester oor die skepping aangestel is.

Die bedoeling was duidelik dat dit ook tot voordeel van die mens benut kon word, terwyl alles op die verheerliking van God ingestel moes wees. Maar dit was nie vir die mens om oor die skepping te heers in die sin van uitbuiting, vermorsing en selfs uiteindelijke vernietiging nie. Daar is groot verantwoordelikheid op mense geplaas, maar as mens en skepping (deur mense se toedoen) nie meer die Skepper se lof besing nie, staan die mens voor God skuldig. Al hierdie skade wat aangerig is deur besoedeling, uitbuiting van natuurlike grondstowwe, verwoesting van water en suurstof, oorbevolking en gebrek aan voedsel, is in wese niks anders nie as liefdelose en roekelose minagting van skepping, medemens en teenoor God die Skepper en Verlosser.

## In die hoofartikel skryf prof Johan Buitendag:

Aan die begin van die 20ste eeu was daar 1,6 miljard mense op die aarde. Aan die einde van daardie eeu was dit 6 miljard. Op die oomblik raak dit aan 6,6 miljard! Die Verenigde Nasies projekteer 'n getal van meer as 9 miljard vir die jaar 2050. En hierdie mense moet eet, woon, werk en ontspan. Een van die onrusbarende gevolge is die vrystelling van koolstof in die atmosfeer. Dit lei tot globale verwarming, met dodelike gevolge. Die huidige koolstofemissie is 385 eenhede per miljoen (epm) en styg teen 'n haas onbeheerbare tempo. Indien die styging tot 'n maksimum van 450 epm beperk kan word, hoop sekere wetenskaplikes dat die globale verwarming onder 2 °C gehou kan word. Die ideaal is egter om dit te beperk tot 350 epm. 'n Nobelpryswenner vir chemie, Paul Crutzen, verwys in terme van die mens se katastrofale invloed op die planeet aarde, na 'n nuwe geologiese periode, naamlik die 'antroposene tydperk'.

Die mens is as beeld van God ook 'mede-Skepper'. Dit gee ons egter groot verantwoordelikheid en dit is elke Christen se taak om daaraan gestalte te gee. Geniet die skepping, maar onthou, dit is nie ons s'n nie. Ons leen dit net van ons nageslag!

